# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 19 SEPTEMBER 2022 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. VW Felton | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. A Joubert | : | Omgewingsbestuursbeampte *(virtueel ingeskakel)* |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/09/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering en bied verskoning aan dat die vergadering vervroeg is as gevolg van die Uitvoerende Burgemeester en Speaker, wat na George sal vertrek op Dinsdag 20 September 2022, vir 'n SALGA MEC-vergadering, waarna hy 'n dagstuk van John Maxwell deel. Raadslid Daniels open die vergadering met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Munisipale Bestuurder wat met twee weke welverdiende vakansieverlof was.

***

**BKN002/09/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/09/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

***('n Breek word vanaf 10:09 – 11:38 toegestaan, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede en Direksie na Wyk 3 (Piketberg) en 4 gaan vir terrein inspeksies op versoek van die Uitvoerende Burgemeester.)***

**BKN004/09/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 10 AUGUSTUS 2022**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Woensdag 10 Augustus 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS) KLERK: KOMITEES***

***

**BKN005/09/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 10 AUGUSTUS 2022**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word dat geen implementeringsverslag versprei is nie aangesien daar geen besluite uitgemerk was nie.

***

**BKN006/09/2022**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/09/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/09/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste 'n item voorlê by die Spesiale Raadsvergadering soos geskeduleer vir Donderdag 22 September 2022, om 'n afvaardiging aan te wys wat die Raad verteenwoordig by die Prestasie Evaluering van die Munisipale Bestuurder en Direkteure; en
- Hy spreek sy ongelukkigheid uit oor die terugvoering met betrekking tot uitstaande kwessies soos versoek deur hom by die vorige Uitvoerende Burgemeesterskomitee op Maandag 28 Augustus 2022, die onlangse brand in Noordhoek, interne en eksterne kommunikasie en die swembad by Akasiapark.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Die Direkteur Gemeenskapsdienste meld dat die Wes-Kaapse Parlement 'n skrywe gerig het dat hul Provinsiale staande Komitee van Behuising op Vrydag 23 September 2022 'n vergadering belê in Piketberg met die B-Munisipaliteite se Behuisings afdelings van die Weskus-area en dat die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite 'n voorlegging gaan doen namens Bergrivier Munisipaliteit;
- Dat die Prestasie Evaluering van die Munisipale Bestuurder en Direkteure op Vrydag 23 September 2022 plaasvind en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede die evaluering van die CCR's moet afhandel;
- Dat die Uitvoerende Onderburgemeester die voormalige Direkteur Tegniese Dienste, Mnr. Chris Koch, se CCR's moet evalueer en dat Raadslid Daniels die voormalige Direkteur Finansiële Dienste, Mnr. Felix Lötter se CCR's moet evalueer; en
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste 'n brief moet skryf vir die Distriks Ingenieur om die posisie van die provinsiale paaie binne Piketberg te bevestig.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/09/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/09/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/09/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: "BLACKOUT PLAN"**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Direksie, Bestuurders in samewerking met Raadsheer De Vries 'n vergadering bygewoon het om die "Blackout Plan" te bespreek en te hersien.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die opdatering van die "Blackout Plan", die veiligheid komponent en dat die moontlikheid ondersoek word om alternatiewe energiebronne en kommunikasiemetodes (intern sowel as ekstern) te kry ter voorbereiding.

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat die Tegniese Dienste direktoraat Huis AJ Liebenberg en soortgelyke ouetehuise in die Bergrivier Munisipale area besoek om hulp te verleen wat hul in staat stel om te funksioneer tydens beurtkrag.

**BESLUIT**

Dat die Portefeulje Voorsitters in oorleg met die onderskeie direkteure die "Blackout Plan" opdateer, waarna insette tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 27 September 2022 bespreek sal word.

***

***('n Breek word vanaf 12:49 – 14:00 toegestaan vir middagete.)***

**BKN012/09/2022**
**RED TIDE EMERGENCIES AND ROLES AND RESPONSIBILITIES**
**17/12/7**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die item na die Munisipale Bestuurder verwys word wat dit as agenda punt sal plaas op die DCF-Tech en daarna voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee; en

***MUNISIPALE BESTUURDER***

2. Dat die mandaat van Bergrivier Munisipaliteit is dat al die Plaaslike Munisipaliteite die siening handhaaf dat munisipaliteite nie die kapasiteit het om dit op plaaslike vlak te kan hanteer nie.

***

**BKN013/09/2022**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN RESTANT ERF 208, AURORA</u>**
**AURORA MEENTGROND**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

***(Die Direkteur Tegniese Dienste sluit om 14:21 aan by die vergadering.)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing dat voorkeur verleen word aan die plaaslike inwoners van Aurora en dat 'n gesprek gefasiliteer word met die alle aansoekers in samewerking met die Direkteur Korporatiewe Dienste, Stadsbeplanner (Oos) en Bestuurder: Strategiese Dienste om te versoek dat die moontlikheid ondersoek word om 'n gesamentlike aansoek in te dien.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat 'n gesprek gefasiliteer word met alle aansoekers in samewerking met die Direkteur Korporatiewe Dienste, Stadsbeplanner (Oos) en Bestuurder: Strategiese Dienste om te versoek dat die moontlikheid ondersoek word om 'n gesamentlike aansoek in te dien.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN014/09/2022**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 2611 PIKETBERG</u>**
**PB.2611; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die item terugverwys word vir verdere bespreking; en
2. Dat die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur 'n skrywe rig aan die aansoeker om die proses vorentoe te verduidelik.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN015/09/2022**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: RESTANT ERF 1023 EN ERF 3539 PORTERVILLE</u>**
**PTV.1023 & 3539; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat hierdie besluit Fase 2 vervang van Raadsbesluit No. RVN012/02/2020 van 25 Februarie 2020;
2. Dat Restant Erf 1023, Porterville en Erf 3539, Porterville nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;
3. Dat Restant Erf 1023, Porterville en Erf 3539, Porterville per openbare tender vervreem word teen waardasie prys + waardasie koste +

adverteringskoste (Die minimum inset prys vir Restant Erf 1023, Porterville is R124 440.00 en Erf 3539, Porterville is R134 440 (BTW ingesluit);

4. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae;
5. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;
6. Dat, indien die voorgestelde gebruik meer as die beskikbare dienste benodig, sal die koste van munisipale dienste wat addisioneel benodig word as gevolg van die voorgestelde gebruik van die grond, vir die koste van die suksesvolle tenderaar wees, en geïnstalleer en/of opgradeer word tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;
7. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne; en
8. Dat aan die Begrotingsloodskomitee aanbeveel word dat fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word volgens die prioriteite en behoeftes van die munisipaliteit.

***

**BKN016/09/2022**
**<u>OORSKRYDING OP MUNISIPALE GROND: ERF 4001, PIKETBERG (OPENBARE PLEK)</u>**
**PB.4001; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1 Dat daar nie voortgegaan word met wetlike prosesse om gedeeltes van publieke oopruimtes (Erf 4001, Piketberg) deel te maak van langsliggende erwe omrede:

1.1 Dit geskep nagelang van die mees omgewingswenslike uitlegte wat oorweeg was deur die bevoegte gesag, gegewe die omgewingssensitiewe areas (waterkanale) asook vir doeleindes om stormwater af te voer. Ontwikkeling binne hierdie areas kan verder, weens grond en oppervlak water, probleme vir konstruksies inhou.

1.2 Bergrivier Munisipaliteit MSDF 2019-2024, identifiseer ook die 30-meter buffer area binne hierdie gebiede (publieke oop ruimtes) en waterkanale daarop.

***

**BKN017/09/2022**
**<u>EXPANSION OF PIKETBERG, PORTERVILLE AND VELDDRIF INDUSTRIAL AREAS</u>**
**Farm.241, PTV.1002 & V.487 & 1093**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat Velddrif as steekproef gebruik word om die openbare mark te toets by die verskeie grond ontwikkelaars vir grootskaalse ontwikkeling van die grond.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die item terugverwys word na die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur om die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede se

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

insette en kommentaar te inkorporeer by die item en dan voorlê vir oorweging/bespreking by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee; en

2. Dat 'n skrywe aan die aansoeker gerig word om die proses vorentoe te verduidelik.

***

***(Raadsheer De Vries verlaat die vergadering met 'n verskoning om 15:56.)***

**BKN018/09/2022**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 SEPTEMBER 2022</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en spreek die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se kommer uit in terme van die tydperk wat dit duur vir die finalisering van uitstaande dissiplinêre sake, die toenemende gebruik van SALGA se dienste vir advisering en die nooi van tydelike werknemers vir onderhoude wat nie in daardie spesifieke afdeling afgelos/gewerk het nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN019/09/2022**
**<u>VIREMENT POLICY</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Finansiële Dienste om verdere insette en kommentaar te verkry en dan voor te lê by die Formele Direksie vergadering.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN020/09/2022**
**<u>LAAT AFLEWERING VAN JULIE 2022 DEBITEURE REKENINGE</u>**
**5/15/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat rente gehef op die uitstaande rekeninge wat betaalbaar was op 31 Augustus 2022, terug geskryf word teen die verbruikers se rekeninge. Die rente sal bereken word op die maandelikse rekening wat 31 Augustus 2022 betaalbaar was, en nie die rente wat in totaal op die rekening gehef was nie;

2. Die bedrag van die rente kan tans nie bepaal word nie, omrede die heffing van die maandelikse dienste rekening nog in proses is; en

3. Dat die Direkteur Finansiële Dienste die bepaling van die verliese wat Bergrivier Munisipaliteit ervaar het rapporteer by die volgende Finansiële Dienste Komiteevergadering wat geskeduleer is vir Woensdag 05 Oktober 2022.

***

**BKN021/09/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in en meld dat daar gekyk word na die monitering en bestuur van oortyd spandering.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for July 2022.

***

**BKN022/09/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: JULIE 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the July 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN023/09/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 SEPTEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN024/09/2022**
**RAMPBESTUUR JAARVERSLAG 2021/2022**
**17/11/B**

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

***

**BKN025/09/2022**
**OPERATIONAL PLAN FOR OVERGROWN SIDE WALKS & OPEN SPACES**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee takes note of the Operational Plan to prevent overgrown sidewalks, parks, sport-facilities, and open spaces.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**BKN026/09/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 SEPTEMBER 2022**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

***(Die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste en Hoof: Strategiese Dienste sluit om 15:30 aan by die vergadering.)***

Voorts meld die Voorsitter dat daar 'n gesprek fasiliteer moet word met die onderskeie brandweer persone in die Bergrivier Munisipale area om die probleemareas van die brandweerdienste funksie te identifiseer en insette en kommentaar te verkry vir die verbetering van die brandweerdienste funksie. Die Voorsitter stel voor dat dit deur die Menslike Hulpbron afdeling gedoen word maar dat hy 'n gesprek met die Direkteur Korporatiewe Dienste oor die aangeleentheid sal hê.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Omgewingsbestuursbeampte en Stadsbeplanner: Wes verlaat die vergadering om 15:39.)***

**BKN027/09/2022**
**IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: APPROVAL OF POLICIES: CHANGE MANAGEMENT STRATEGY, EXIT MANAGEMENT POLICY AND INDUCTION POLICY**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee approves the Change Management Strategy, Exit Management Policy and Induction Policy.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN028/09/2022**
**IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: APPROVAL OF POLICIES: EMPLOYMENT POLICY (INDIENSNEMINGSBELEID), ACTING & ADDITIONAL SERVICES RENDERED POLICY AND PROBATIONARY PERIOD POLICY**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee approves the Employment Policy (Indiensnemingsbeleid), Acting & Additional Services Rendered Policy and Probationary Period Policy.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN029/09/2022**
**IMPLEMENTATION OF MUNICIPAL STAFF REGULATIONS: COMPOSITION, ROLES AND RESPONSIBILITIES OF TRAINING COMMITTEE**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

1. That the Training Committee be reconstituted as prescribed by the Guidelines on the Implementation of the Municipal Staff Regulations;
2. That the Training Committee be constituted as follows:

a) Director Corporate Services
b) Director Financial Services
c) Manager Strategic Services
d) Manager Human Resource Services
e) Human Resource Officer: Training & Development (Co-opted)
f) Two (2) representatives each from SAMWU & IMATU

3. That the following senior managers be designated as Chairperson and Vice-Chairperson of the Training Committee:

   Chairperson: Director Corporate Services
   Vice-Chairperson: Director Financial Services

4. That the number of members of the committee be fixed on 4-a-side;
5. That the recommendations of the Training Committee be submitted to the Executive Mayoral Committee for consideration and approval; and
6. That the meetings of the Training Committee be held at least once per quarter on the last Thursday of the month (same day and time as is currently the case).

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN030/09/2022**
**DIE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE BESIGHEIDSKORWE TE PORTERVILLE EN PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Hoof: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die toekenning en beheer van die stalletjies, dat die Finansiële Dienste en Gemeenskapsdienste direktorate die Hoof: Strategiese Dienste assisteer met inligting in terme van die stalletjies.

**BESLUIT**

1. Dat ‘n regsopinie verkry word aangaande die huidige status van die kontrakte;
2. Die opstel van meer omvattende beleide ten opsigte van die bestuur en toekenning;
3. Dat die herstel van die gebou/e aandag moet geniet of dat daar voorsiening gemaak word op die begroting; en
4. Dat ‘n moratorium geplaas word op die toekenning van stalletjies aan die publiek vir ‘n maksimum van twee maande om alle inligting te verkry en

**HOOF: STRATEGIESE DIENSTE**

dan voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat geskeduleer is vir Dinsdag 29 November 2022; en

5. Dat 'n amptelike kennisgewing deelmaak van die maandelikse munisipale rekening, gerig aan die stalletjiehouers, om kennis te gee dat hulle vir Mnr. C Davids by Bergrivier Munisipaliteit moet kom sien en die huurkontrak saambring.

***

***(Die Hoof: Strategiese Dienste verlaat die vergadering om 16:06.)***

**BKN031/09/2022**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 08 SEPTEMBER 2022</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en meld dat daar klagtes van Velddrif publiek is rakende die Buitelanders wat oorkant die polisiestasie stalletjies opsit en dat daar klagtes is oor "White House" in Velddrif wat dringende aandag moet geniet.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN032/09/2022**
**<u>IMPLEMENTATION OF HOUSING PROJECTS: DIVISION OF RESPONSIBILITIES, FUNCTIONS AND ACTIONS</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en meld dat daar 'n getekende "Implementation of Housing Projects: Division of Responsibilities, Functions and Actions" dokument is wat moes deelmaak van die agenda en nie die ongetekende een nie.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee notes the division of responsibilities, functions and actions for the successful implementation of State Subsidised Housing Projects as per attached table in the report and that the Executive Mayoral Committee indicate their acceptance whereafter the final organogram must be adjusted to reflect the same.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

*******

**BKN033/09/2022**
**<u>BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 SEPTEMBER 2022</u>**
**9/1/2**

Geen

*******

**BKN034/09/2022**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

*******

**BKN035/09/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN036/09/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN037/09/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN038/09/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN039/09/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***Ter afsluiting meld die Voorsitter dat die Departement van Sport vir Bergrivier Munisipaliteit 'n toekenning gegee het vir die ondersteuning in sport, waarna hy die organiseerders vir die reëlings asook alle amptenare wat deelgeneem het bedank vir die bywoning en deelname aan die Bergrivier Better Together Games 2022 en meld dat meer senior amptenare toekomstige funksies moet bywoon.***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:10***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***